

Woensdag 25 November

Skrifgedeelte: Amos 6:1-14

Fokusgedeelte: Amos 6:1, 8

Soek die Koninkryk van God!

Wat dryf 'n mens om die reg te vertrap en onreg die oorhand te gee, soos Israel? Niks anders nie as die eie-ek. Anders gesê: selfvoldaanheid en trots. Amos is dus nog steeds besig om die wortel van Israel se rebellie oop te krap en sonder enige verskoning hulle op te roep om nou te bekeer!

Die volk is tevrede met hulleself. *Selfvoldaan*. Gerus en sorgeloos (vs 1). “Ons het Sion en ons het Samaria – wie kan ons iets aandoen?” So dink hulle. “Die groot dag wanneer die Here gaan kom om te oordeel, is nog ver in die toekoms. Daar is nog baie tyd!” So stel hulle hulself gerus. Rustig lê hulle in hulle weelde en rykdom (vs 5, 6) – vir hulle is hulle rykdom die bewys dat alles goed gaan en niks fout is nie. Die selfvoldanes sal van die eerstes wees wat weggevoer word in ballingskap, belowe die Here.

Wanneer ons lank genoeg die eie-ek vooropstel en doen wat ons wil, raak ons verhard. Ons raak blind vir ons sonde. Ons raak heeltemal tevrede met onself. Bekering is nou nodig, voordat die Here ons uit ons selfvoldaanheid wakkerskud!

Die Here hou ook die *trotsheid* van Israel teen haar. Toe Israel voorspoed beleef het, het sy aangevoer dat dit deur haar eie krag gebeur het. Die voorspoed het haar hart hoogmoedig gemaak. Israel se optrede is so onverstaanbaar ... so ongehoord. Hulle is soos mense wat 'n perd op 'n rotsbank wil laat galop of 'n rotsbank met 'n span osse probeer ploeg.

Twee vreemde beelde wat tog ook vir ons sin maak. Vandag sou ons dit kon vervang met die gewilde gesegde: *'n mens kan nie iets op dieselfde manier oor en oor doen, maar 'n ander resultaat verwag nie*. Dit is die definisie van waansin. Die volk se selfvoldane trotsheid maak hulle waansinnig. Die Here sal as straf 'n ander volk opwek wat trotse Israel sal verdruk en verneder.

Ons moet dit goed beseef dat die Here vyandskap verklaar teen die hoogmoedige (Jak. 4:6). Laat ons trap in die spore van Christus, wat Homself verneder het deur mens te word en te dien. Elke knie moet buig voor Christus – soek sy koninkryk, nie jou eie nie!

Sing: Psalm 68-1:1, 2

Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)